



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld
22 November 2020

Sondag van Christus die Koning

Ons sluit vandag die kerkjaar (en Koninkrystyd) af met die viering van Christus as ons Koning. Volgende Sondag begin die nuwe kerkjaar met Adventstyd, die vier Sondae waarin ons die weke aftel na Kersfees.

NG Kerk Petrusburg

Kerssangdiens

Sondag 22 November 2020

om 09:30

Gemeentesang

Gedigte Skriflesings

Jesus is Koning!



Program vir die week

Vandag: Sondag van Christus die Koning

- **Kerssangdiens** om 9:30 in die kerk olv ds Jaco Thom. Die tema is: Jesus is Koning!

Maandag

- **Gebedsaksie** om 16:00 by die gebedshuis.

Dinsdag

- **Bybelskool** om 18:00 in die kerksaal. Ons praat oor die Bybel as 'n hele biblioteek van boeke, en ook oor die doel van eksegeese. Almal welkom.

Volgende Sondag: Eerste Adventsondag

- **Erediens** om 9:30 in die kerk olv ds Jaco Thom.
- **Deuroffer:** Letsemeng Kinderhuis

Allerlei

Nuwe Afrikaanse 2020-vertaling

Ons het enkele kopieë van die nuwe 2020-vertaling aangekoop. Dit is by die kerkkantoor beskikbaar @ R130 (hardeband) en R330 (luukse band).

Gebedshuis en Sopkombuis

As gevolg van die toenemende onveiligheid in die landelike gebiede het die Petrusburg Veiligheidsvereniging besluit om hulle gebou, waar die sopkombuis tans gehuisves word, terug te neem en as beheersentrum te gebruik. Hulle sal wel 'n gedeelte inrig sodat die Gebedshuis steeds daar gehuisves kan word, maar nie die sopkombuis nie.

In die lig hiervan het Phillip du Plessis die volgende inligting deurgegee:

Afhangende van waar die sopkombuis homselfvolgende jaar bevind, wil ons graag soos volg voortgaan:

Steeds drie keer 'n week oopmaak, moontlik tussen 11:00 en 13:00.

Gedurende dié tyd sal ons:

- *etes vir die straatmense uitdeel;*
- *kospakkies opmaak en uitdeel vir die ouens met "tokens";*
- *kospakkies opmaak en gaan uitdeel aan behoeftige persone en gesinne in Bolokanang en Petrusburg;*
- *uitdeel van Bybels en traktaatjies;*
- *ander projekte waarmee ons reeds besig is soos bv skoonmaak van strate, grassny dienste ens.;*
- *ander werkskeppingsgeleenthede.*

Ons sal glad nie uit die oog verloor nie dat ons verantwoordelikheid is dat Jesus hierdeur verheerlik sal word, en dat Sy liefde daardeur openbaar word.

Ons vertrou dat Abba ook ons gebede sal verhoor en ons na 'n beter plek neem.

leef biddend • dien mekaar • reik uit

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk!
Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Nov 23 Stefan du Plessis, Geraldine Erasmus, ds. Jaco Thom

Nov 24 Liddie Haasbroek

Nov 25 Gert Henning



Huwelikshedenkings

27 Nov Stefan & Geraldene du Plessis (10j)

Biddende Hande

"HERE, maak U paaie aan my bekend; leer my U weë." (Psalm 25:4)

*Here Jesus, leer ons om op U weë te wandel en tevrede te wees,
of ons deur vreugde of deur lyding gaan.*

*Bewaar ons dat ons nie deur eie skuld,
deur onbedagsaamheid, laksheid, ongeloof of eiegeregtigheid
onself in die nood bring*

en ons vreugdes en verkwikking laat misloop nie.

*Bewaar ons van al die selfgemaakte, onnodige lyding wat geen wins oplewer nie,
en gee dat ons niks verloor wat ons kan versterk
en kan laat voortgaan op die weg na saligheid nie.*

Wys ons by U lig wat ons kan verhinder om U troosvolle genade te geniet.

*Maak ons onder alle beproewings stil en oorgegewe
en laat vreugde en droefheid en alles wat U stuur sy doel met ons bereik
tot ons ewige heil en ons saligheid. AMEN.*

H VON BOGATZKY



GEBEDSWAG: 23-29 November. Tema: Die Vader se Hart. Ons laaste gebedswag vir 2020, ons nooi jou uit om deel te neem!

Sake vir gebed:

- Dank die Here vir die **reën** wat weer mildelik geval het.
- **Matrikulante** en ander leerders wat eksamen skryf.
- AJC Jooste: dat Vader se volmaakte wil sal geskied met die aanstelling van 'n **skoolhoof**
- **Ouers** wat kinders die afgelope jaar verloor het

As jy enige **gebedsversoek** het, stuur dit asb vir Lulu by 083 309 7277.

Die Vrystaat-sinode versoek dat ons **elke Woensdag 12:00** sal bid vir vroue en kinders wat deur geweld geraak word, asook vir mense wat familieleden aan Covid-19 afgestaan het.

Bid asb ook vir ons boere-gemeenskap.



Jan Kriel – Borg 'n liggie

Lees gerus die aangrypende storie van Dominic

<https://jankriel.org.za/wp-content/uploads/2020/10/JK-iggie-2020-Afr-web-1.pdf>

Jan Kriel se Liggieboom staan as 'n baken van Hoop. Dit getuig van 'n plek waar liefde, omgee en geduld elke kind se karakter vorm en versterk. Saam met Kersbome wêreldwyd word hierdie liggies elke jaar met Kerstyd aangeskakel.

Indien u belangstel om hierdie jaar 'n liggie aan ons Liggieboom te borg:

Een liggie kos slegs R100, so jy kan selfs 3 (R300), 5 (R500) of 'n string van 10 (R1000) liggies borg!

Jan Kriel, Bankrek: ABSA (632 005), Rek. no: 3010 141 566

Vakante poste by Ons Woning



Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng

Ons Woning het twee poste wat aan die einde van die jaar vakant gaan raak: die pos van **Geregistreeerde Verpleegkundige**, en die pos van **Administratiewe Beampte**. Vir meer inligting kan jy die bestuurder van Ons Woning, mev Elmarië van der Spuy, skakel by 053 574 0222. Die aansoeke

sluit op 30 November.

Ten slotte: Kersfees

Hoekom vier ons Kersfees? Behoort ons Kersfees te vier, of moet ons dit liever los? Is dit nie eintlik 'n heidense fees wat die kerk oorgeneem het nie? Waar in die Bybel staan dit dat Jesus op 25 Desember gebore is?

Dit is alles vrae wat deesdae gevra word, ook deur opregte gelowiges wat erns maak met die wil van God in hulle lewe. Daarom is daar mense wat in die lig van al hierdie vrae meen dat Kersfees liever nie deel van ons kalender moet uitmaak nie.

Laat ek eerlik wees: ons weet nie op watter dag Jesus gebore is nie. Dit was waarskynlik eerder in die Europese lente (Maart of April), want die keiser sou nie so 'n groot sensus in die middel van die winter gehou het nie.

Ons weet ook dat die datum (25 Desember) doelbewus gekies is as teenvoeter vir die heidense fees van die terugkerende son (wintersonstilstand) wat destyds gevier is met al die heidense gebruike daaraan verbonde. Mettertyd het Kersfees inderdaad die heidense fees in Europa vervang en talle van die goeie gebruike van die feestyd oorgeneem.

Dit hoef nie Kersfees as Christelike fees te diskwalifiseer nie. Ons het ook ánder gebruike uit die heidendom oorgeneem, bv. die kerkklok wat 'n Chinese herkoms het en gelui is om die bose geeste af te weer. Wie dink nog daaraan as die kerkklok lui?

Die eintlike vraag wat ek en jy moet vra oor Kersfees, is: Is Jesus Koning in jou lewe? Is dit belangrik dat ons sy geboorte herdenk, al is dit dan op 'n arbitrêre datum soos 25 Desember? Maak die agtergrond van die fees regtig vandag 'n verskil aan hoe ons oor Christus se geboorte dink?

Moenie Kersfees weggooi nie! Vul dié besondere dag eerder opnuut met die viering van die koms van ons Verlosser na die wêreld. Dis mos iets om oor fees te vier!



<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00 – 13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		